
Die 46664 internasionale MIV/vigs bewussyn- en voorkomingsveldtog kry sy naam van Mandela se prisoniernommer op Robbeneiland. Die veldtog maak mense bewus van MIV/vigs en dinge wat daartoe bydra, soos armoede, gebrek aan onderrig, geslagsongelykheid en gebrekkige toegang tot gesondheidsfasiliteite.




## ① Aktiwiteit

1. Skryf die tabel oor.
   a) Skryf drie stellings oor Nelson Mandela wat waar of onwaar is in die tabel.
   b) Voer onderhoude met twee ander leerders (Leerder 1 en Leerder 2). Vra hulle om te sê of elke stelling waar of onwaar is.
   c) Merk hul antwoorde.

| Stelling | Leerder 1 | Leerder 2 |
|---|---|---|
| 1 | | |
| 2 | | |
| 3 | | |

2. Beantwoord hierdie vrae.
   a) Hoekom is Mandela 'n voorbeeld van 'n goeie leier?
   b) Was dit altyd vir hom maklik om 'n goeie leier te wees?
   c) Was hy gewild of ongewild as gevolg van die dinge wat hy gedoen het?
   d) As 'n leier, was hy altyd perfek?
   e) Watter lesse kan jy by hom leer?